MOEDERKERK
KRUISKERK

BYBELLEESROOSTER EN PREEKROOSTER
EPIFANIE EN LYDENSTYD

LEES DIE BYBEL SÓ DAT JY GOD HOOR EN ONTMOET

LEES

Lees die teksgedeelte ’n paar keer rustig deur, indien moontlik in meer as een vertaling. Leer om te *luister* terwyl jy lees. Jy lees nie bloot vir informasie nie. Jy lees en luister met jou hart - omdat jy God wil hoor en ontmoet. Identifiseer daardie vers, frase of woord wat jou veral aanraak.

⬇

MEDITEER

Dink verder na oor die woorde of frases wat jou veral in die teks aanspreek: wat hoor jy daarin; watter emosies maak dit by jou los; wat sê die Here vir jou daarin? Meditasie trek ons eie leefwêreld in die teksgedeelte in: die teks begin ons lewe “lees”. Die Bybel (God!) raak die “subjek” van die aktiwiteit en ons lewe die “objek”.

⬇

BID

Wanneer die teks so met jou begin praat, is dit ’n spontane reaksie om daaroor met God te begin praat. Bid oor dit wat jy hoor God vir jou sê of vra of beloof.

⬇

ONTVANG & LEEF

Pas dit wat jy gehoor het op jou lewe toe. Glo dat die Here dit wat Hy in sy Woord van jou vra, *deur sy Gees in jou lewe kan en sal doen.* “Ontvang” dit in die geloof soos Maria in Luk 1:38: *“Laat dit met my wees volgens u Woord”.* Bid is hier ontvang en dankie sê.

Epifanie beteken “verskyning”. Dit is die tyd na Kersfees wanneer ons vier dat God deur Jesus in ons wêreld verskyn het - en dat Hy vandag nog verskyn. Epifaniefees het aanvanklik in die Oosterse Kerk ontstaan en word op die eerste Sondag van Januarie gevier. Die besoek van die sterrekykers en die doop van Jesus word o.a. in die tyd van Epifanie herdenk. Die fokus is op hoe Jesus se Godheid en sy koningsheerskappy sigbaar word in wat Hy doen. Die motief van lig (Jesus is die Lig vir die wêreld) is sentraal in hierdie tyd. Epifanie wil ons help om in die nuwe jaar met geloofsoë na die wêreld en na ons eie lewens te kyk sodat ons die daaglikse verskyning van God kan raaksien.

Lydenstyd is ‘n tyd van besinning en voorbereiding met die oog op die viering van Paasfees. Die sentrale fokus van hierdie tyd is die lyding van Jesus wat uitgeloop het op sy dood aan die kruis en sy opstanding uit die dood. Die oorsprong van Lydenstyd is te vinde in die ou-kerklike gebruik om die doop van nuwe lidmate een maal per jaar tydens die Opstandingsfees op Paassondag te laat plaasvind. ‘n Tydperk van 40 dae (met verwysing na die tyd van Jesus voor die aanvang van sy openbare optrede in die woestyn deurgebring het) is gewy aan die voorbereiding en onderrig van voornemende dopelinge. Omdat die Sondae in Lydenstyd steeds as viering van die opstanding van Christus beskou is, het die 40 dae op die Woensdag (bekend as As-Woensdag) ses weke voor Paasfees begin. Hierdie tyd word ingerig as ‘n tydperk van selfondersoek en hernieude toewyding aan die Here.

EIE BYBELLEES

Week	***Seisoen***	***Teks***	***Erediens***
20 - 26 Jan	*Epifanietyd*	Esegiël 47:1-12	26 Jan
27 Jan - 2 Feb	*Epifanietyd*	Genesis 3:1-13	2 Feb
3 - 9 Feb	*Epifanietyd*	Genesis 4:1-24	9 Feb
10 - 16 Feb	*Epifanietyd*	Eksodus 4:1-17	16 Feb
17 - 23 Feb	*Epifanietyd*	Matt 16:13-20	23 Feb
24 Feb - 2 Mrt	*Epifanietyd*	Joh 5:5-11	2 Maart
3 - 9 Mrt	*Lydenstyd*	Joh 20:11-18	9 Maart
10 - 16 Mrt	*Lydenstyd*	Joh 13:1-20	16 Maart
17 - 23 Mrt	*Lydenstyd*	Fil 1:20-30	23 Maart
24 - 30 Mrt	*Lydenstyd*	Fil 3:1-14	30 Maart
31 Mrt - 6 Apr	*Lydenstyd*	Fil 3:17-4:1	6 April
7 - 13 Apr	*Palmsondag*	Fil 2:5-11	13 April